AAV2

## LASBRIEF - ART. 25 WET 51 VAN 1977

ALLE POLISIEBEAMPTES:

Nademaal dit onder eed blyk dat daar redelike gronde is om te dink -

1. (a) dat die binnelandse veiligheid van die Republiek of die bewaring van wet en orde waarskynlik in gevaar gestel sal word deur of ten gevolge van 'n vergadering wat gehou word of gehou staan te word in of op ........................................................ 'n perseel binne my regsgebied; of

(b) dat 'n misdryf gepleeg is of gepleeg word of waarskynlik gepleeg sal word of dat voorbereidings of reëlings vir die pleging van 'n misdryf getref word of waarskynlik getref sal word in of op Seyakestraat 1741, Huhudi, Vryburg. woning van (G.H. GALENG) .................. (of bogenoemde perseel) binne my regsgebied, word alle polisiebeamptes by wyse van hierdie lasbrief gemagtig om die betrokke perseel op 'n redelike tyd ook in die tyd te betree ten einde -

(i) die ondersoek in te stel en die stappe te doen wat bedoelde polisiebeampte/s nodig ag vir die bewaring van die binnelandse veiligheid van die Republiek of vir die handhawing van wet en orde of vir die voorkoming van 'n misdryf;

(ii) die perseel of enige persoon in of op die perseel te deursoek vir enigiets -

(a) wat betrokke is by of op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders;

(b) wat tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders; of

(c) wat bestem is of op redelike gronde vermoed word bestem te wees om by die pleging van 'n misdryf gebruik te word, na bedoelde polisiebeampte op redelike gronde vermoed, in of op of by die perseel of aan bedoelde persoon is; en

(iii) so 'n voorwerp in beslag te neem.

Gegee onder my hand te VRYBURG op hede die 18de dag van Februarie 1985

LANDDROS
1985-02-18
VRYBURG
MAGISTRATE

..................................................
HANDTEKENING.

LANDDROS/MAGISTRATE
AMPSTITEL.

LANDDROS/MAGISTRAAT
VRYBURG

Ek sertifiseer hierby dat ek hierdie Lasbrief op die hierinvermelde perseel uitgevoer het nadat daar 'n ware afskrif van die oorspronklike Lasbrief aan die hieringenoemde persoon, op sy versoek, beteken is.

VRYBURG. W35189T A/OFF.
1985-02-19. (J.M.KOK.)

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.